Die Hoërskool Wonderboom

Voortrekkersweg 1050
Wonderboom-Suid
Pretoria 0084
Tel: (012) 335-6806
Fax: (012) 335-6587
Web: www.wonnies.co.za
E-pos: hswb@wonnies.co.za

GROEI en DIEN

# Wonnie-nuus

Algemene nuusbrief: 2 April 2019

Welkom terug aan elke Wonnie en Wonnie-ouer na die kort vakansie.  Graag bring ons die volgende onder u aandag:

## 1. GELUKWENSING:

Baie geluk aan me. Nadia Crous wat haar Honneursgraad verwerf het!

## 2. VAKANSIETOERE - UITSLAE:

Baie geluk aan die rugbyspanne met die volgende pragtige uitslae, na die vakansie se toere:

**0/14** Wen 47-5 teen Penryn College
Wen 45-7 teen Uplands College

**0/15** Wen 22-12 teen HTS Witbank
Wen 39-20 teen Hoërskool Rob Ferreira
Wen 45-5 teen Uplands College

**0/16** Wen 41-0 teen Hoërskool Oosterland
Wen 20-12 teen HTS Witbank
Wen 11-10 teen Vereeniging Gimnasium



Geluk ook aan die volgende spelers wat verkies is tot die toernooi-span – hulle toer aan die einde van die jaar na Rusland:

**0/16**
Justin Helena
Devin da Silva
Christiaan Morris
Charl van der Sluis
Tiaan Hattingh
Damian van der Merwe

**0/19**
Regard Booysen
Rohan Grobler
Willem Lubbe
Dylan Achurst
Dylan Homsby

Ons spreek ook ons dank uit aan die Hokkie, Netbal en Koor, wat ook gedurende die afgelope vakansie getoer het.  Dankie aan elke leerder, ouer en onderwyser se opoffering in dié verband.

## 3. WISKUNDE OLIMPIADE:

Baie geluk aan die volgende Wonnies wat deurdring na rondte 2 van die Wiskunde Olimpiade:




**Graad 8:**
Jonathon Rossouw
Hanko Crous
Corné Jordaan
Christiaan Burden
Marioné J van Rensburg

**Graad 9:**
Taneli de Bruin
Hazel Mills

**Graad 11:**
Martin van Spaendonck

**Graad 12:**
Hannes Jordaan
Durand J van Rensburg
PV Michau

**3. REKENAAR OLIMPIADE**:



Graag wens ons ook vir Brendon Kruger in Graad 12 geluk. Hy verwerf 'n Brons Sertifikaat tydens die landswye Rekenaar Olimpiade.


**4. VELDTEIKENSKIET**:

Nog Wonnies presteer! Baie geluk aan Devon du Toit wat sy Protea Kleure verwerf het vir veldteikenskiet. Hy sal vanaf 6-11 Augustus, as skut, vir Suid-Afrika deelneem aan die wêreldkampioenskappe in Engeland. Danel van Tonder, Dean van Zyl en Jordan Botes sal ook op uitnodiging van die English Field Target Association in Engeland deelneem. Baie sterkte vir die voorbereiding.

**5. SAGTEBAL**:

Clarinda Nell het die vakansie deelgeneem aan die reserwe-liga van die Tshwane Sagtebalvereniging, waar sy lid was van die Moot Titans Sagtebalspan. Hulle behaal goud in hul afdeling. Baie geluk!

**6. DANS**:







Twee Wonnie-dansers, Danel van Tonder en Lynn-Lee Breytenbach, het ook deelgeneem aan die South-African Dance World Cup, waar beide gekwalifiseer het om Suid-Afrika hierdie jaar in Portugal te verteenwoordig. Baie geluk!

**7. VAKVERANDERINGS**:

Die vakveranderings vir Graad 11 is gesluit. Die leerders sal eers in Desember weer geleentheid kry om een vak vir hul Graad 12-jaar te verander. Graad 10-leerders kan egter nou weer vakke verander.

**8. OPEDAG**:




Die skool se opedag vind plaas op Maandag, 8 April. Daar is op dié dag geen skool vir gewone leerders nie, slegs die Matriekraad, Wonnieraad en leerders wat as helpers optree, sal skool bywoon, Besoek gerus ons webwerf by www.wonnies.co.za om inligting rakende inskrywings ens. te kry.

**9. RAPPORTE**:

Leerders ontvang rapport op 12 April 2019. Dit is uiters belangrik dat u, as ouer/voog, die rapport met u kind bespreek. Indien daar enige navrae is, kan u die personeel gerus kom besoek tydens die oueraand wat op 16 April plaasv ind.

**10. ONGESKEDULEERDE TOETSE**:

Ekstra toetsdatums is bygevoeg tot die datums in die dagboek ten einde leerders geleentheid vir beter prestasie te bied. Die ekstra toetsdatums is soos volg:

| | | | |
|---|---|---|---|
| **9 April 2019** | Gr 10-12 | Fisiese Wetenskap | |
| **26 April 2019** | Gr 10: Toerisme | Gr 11: Fisiese Wet/Gasvryheid | Gr 12: Lewenswetenskappe |

M LEZAR
SKOOLHOOF